# Gr 9 Oorsig: Afrikaans Eerste Addisionele Taal

| **Kwartaal** | **Tekste in konteks waarbinne leer en onderrig plaasvind** | | | |
|---|---|---|---|---|
| Kwartaal<br><br>1 | Multimedia<br>Week 1-4<br><br><u>Lu + Ass</u><br><br>Lu 1 Luister Ass 2<br>Lu 2 Praat Ass 2 & 4<br>Lu 3 Lees en Kyk Ass 3,5,6<br>Lu 4 Skryf Ass 2,3,5<br>Lu 5 Dink en Redeneer<br>Ass 2 & 3<br>Lu 6 Taalstrukture<br>Ass 4&6 | Drama/rolspel/filmstudie<br>Week 5-9<br><br><u>Lu + Ass</u><br><br>Lu 1 Ass 2 & 4<br>Lu 2 Ass 2,3,4<br>Lu 3 Ass 1,6,9<br>Lu 4 Ass 4,6,7<br>Lu 5 Ass 2<br>Lu 6 Ass 2,4,5,6 | Gedigte<br>Week 10 – 11<br><br><u>Lu + Ass</u><br><br>Lu 1 Ass 2 & 4<br>Lu 2 Ass 3 & 5<br>Lu 3 Ass 2,6,9<br>Lu 4 Ass 4 & 6<br>Lu 5 As 2<br>Lu 6 Ass 7 & 8 | notas |
| Kwartaal<br><br>2 | Tekste uit ander leerareas<br>Investigation/demonstrasie<br>Week 1-4<br><br><u>Lu + Ass</u><br><br>Lu 1 Ass 3<br>Lu 2 Ass 2 & 4<br>Lu 3 Ass 1,4,7,8,9<br>Lu 4 Ass 1 & 6<br>Lu 5 Ass 1 & 3 | Multi-media<br>Week 5-7<br><br><u>Lu + Ass</u><br><br>Lu 1 Ass 2<br>Lu 2 Ass 2 & 4<br>Lu 3 Ass 3,5,6<br>Lu 4 Ass 2,3,5<br>Lu 5 Ass 2 & 3 | Novelle<br>Week 8-9<br><br><u>Lu + Ass</u><br><br>Lu 1 Ass 1,2,4<br>Lu 2 Ass 1,3,5<br>Lu 3 Ass 1,6,7,8<br>Lu 4 Ass 4,6,7<br>Lu 5 Ass 2 | SAT<br><br>Week 10-11 |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| | Lu 6 Ass 1,7,8,9 | Lu 6 Ass 4 & 6 | Lu 6 Ass 1,3,7,9 | |
| Kwartaal<br><br>3 | Multi-media<br>Week 1-3<br><br>Lu + Ass<br><br>Lu 1 Ass 2<br>Lu 2 Ass 2 & 4<br>Lu 3 Ass 3,5,6<br>Lu 4 Ass 2,3,5<br>Lu 5 Ass 2 & 3<br>Lu 6 Ass 4 & 6 | Tekste uit ander leerareas<br>Week 4-5<br><br>Lu + Ass<br><br>Lu 1 Ass 2 & 4<br>Lu 2 Ass 3 & 5<br>Lu 3 Ass 2,6,9<br>Lu 4 Ass 4 & 6<br>Lu 5 As 2<br>Lu 6 Ass 7 & 8 | Drama<br>Week 6-10<br><br>Lu + Ass<br><br>Lu 1 Ass 1,2,4<br>Lu 2 Ass 1,3,5<br>Lu 3 Ass 1,6,7,8<br>Lu 4 Ass 4,6,7<br>Lu 5 Ass 2<br>Lu 6 Ass 1,3,7,9 | notas |
| Kwartaal<br><br>4 | Gedigte<br>Week 1 – 3<br><br>Lu + Ass<br><br>Lu 1 Ass 2 & 4<br>Lu 2 Ass 3 & 5<br>Lu 3 Ass 2,6,9<br>Lu 4 Ass 4 & 6<br>Lu 5 As 2<br>Lu 6 Ass 7 & 8 | Drama/rolspel/filmstudie<br>Week 4-6<br><br>Lu + Ass<br><br>Lu 1 Ass 2 & 4<br>Lu 2 Ass 2,3,4<br>Lu 3 Ass 1,6,9<br>Lu 4 Ass 4,6,7<br>Lu 5 Ass 2<br>Lu 6 Ass 2,4,5,6 | Eksterne Assesserings Take<br><br>Week 7 – 10 | notas |

# LESPLAN

(multi-media)

## Afrikaans Eerste Addisionele Taal

**Konteks**: (multi-media)

| **Tyd:** Week 1 - 3 | | | **Graad: 9** |
|---|---|---|---|
| **LU EN ASS** | **ONDERWYSER EN LEERDER AKTIWITEIT** | **ASSESSERING** | **STRUIKELBLOKKE VIR LEER** |
| Lu 1 Luister<br><br>As 2 Verstaan mondelinge tekste (soos geselsprogramme, tekste met statistiek):<br><br>• beantwoord vrae;<br>• vertel oor en som op;<br>• identifiseer standpunt/perspektief en is in staat om 'n alternatiewe standpunt te gee;<br>• ontleed die kenmerke van verskillende soorte mondelinge tekste (soos 'n gesprek, 'n verhaal).<br><br>Lu 2 Praat<br><br>As 2 **Voer interaksie in die addisionele taal:** | Nota aan onderwyser:<br><br>Onthou by Eerste Addisionele Taal val die klem op **luister** en **praat** aktiwiteite.<br><br>**Formele take**:<br>Luisteraktiwiteit (10 punte)<br>Rolspel 'n onderhoud (20 punte)<br>Skryf 'n aansoekbrief en 'n CV 20 +10 = 30 punte<br>(sien Bylaag vir rubrieke)<br><br>Moenie die toets vergeet nie. Dit sluit 'n begripstoets (20) en taal (40) en letterkunde (beide genres) 20 + 20 = 40 asook die skryf van 'n opsomming 50 -60 woorde (10) in.<br><br>Aktiwiteit 1<br><br>Gesels met die leerders oor verskillende beroepe wat hulle graag eendag sal wil beoefen. | Onderwyser<br><br>Hele klas | In alle gevalle<br><br>Leerders het 'n **afskrif** (fotostaat) van die betrokke noodhulpprosedure wat die onderwyser voorlees<br><br>Leerder het 'n **sterk akademiese maat** wat hom te alle tye bystaan<br><br>Fokus meer op die **positiewe**<br><br>Wees behulpsaam en buigbaar/buigsaam en **geduldig**<br><br>Gee **individuele bystand** |

| | | | |
|---|---|---|---|
| • gebruik taal vir 'n verskeidenheid funksies: rig vriendelike versoeke en vra persone om nie weer dinge te doen nie (soos: Sal jy omgee om nie …), vra raad van vriende of vreemdelinge (soos: Verskoon my, ek wonder of …);<br><br>• **neem deel aan rolspel in verskillende situasies wat verskillende soorte taalgebruik behels (soos 'n werksonderhoud).**<br><br>As 4 Debatteer sosiale en etiese kwessies deur oorredend te argumenteer en krities te reageer:<br><br>• *ken spesifieke rolle toe (soos voorsitter, tydhouer, sekretaris);<br><br>• **betrek ander by die bespreking (soos: Wat dink jy hiervan?);**<br><br>• onderbreek die gesprek op 'n hoflike wyse (soos: Verskoon my …);<br><br>• gee eie mening en redes daarvoor (soos: Ek sê dit, want …);<br><br>• toon instemming (soos: Ek stem saam, want …) en meningsverskil (soos: Ja, maar …);<br><br>• **wissel tale af, indien die situasie dit vereis**<br><br><u>Lu 3 Lees en Kyk</u><br><br>As 3 **Lees en reageer op sosiale tekste** (soos eenvoudige sakebriewe): | Praat oor die kwalifikasies, eienskappe ens. wat sulke beroepe vereis, asook die voordele en nadele daaraan verbonde. Breinstorm 'n paar beroepe en skryf dit op die bord neer. Skryf alles neer wat die leerders uitroep hetsy positiewe of negatiewe eienskappe. Moenie vergeet om die vaardighede ook neer te skryf nie. Onthou dit is hul toekoms.<br><br>*(Onthou julle verlede jaar (2008) se GTA Afdeling A? Kry dit in die hande en behandel dit met vanjaar se graad 9 klas)*<br><br><u>Aktiwiteit 2</u><br><br>Nooi mense in jou omgewing wat in beroepe staan waarmee leerders kan identifiseer. Bv. Reël met Rob Pollock of enige ander professionele fotograaf om 'n klaspraatjie aan te bied oor die neem van 'n goeie foto. Nooi 'n haarkapper, bekende sakeman, predikant, verpleegster, prokureur, polisieman om oor hul werk te kom gesels.<br><br>Laat 'n leerder in die klas die gas/spreker voor stel in sy addisionele taal terwyl 'n ander leerder die betrokke persoon na die praatjie bedank in sy addisionele taal.<br><br><u>Aktiwiteit 3</u><br><br>Laat die leerders die volgende doen. Hulle moet soek vir vakante poste in koerante se advertensieblaaie. Hulle moet **soeklees** deur die advertensies en knip een uit oor 'n beroep waarin hy/sy belangstel.<br><br><u>Aktiwiteit 4</u><br><br>Werk saam met 'n maat en bespreek die vereistes wat elkeen se geadverteerde beroep sal stel.<br><br><u>Aktiwiteit 5</u><br><br>Verbeel jou dat jou maat by jou gaan aansoek doen om die betrekking. **Stel jou aansoekvorm op wat hy moet invul**. | breinkaart<br><br>Kundiges van buite<br><br>Hele klas<br><br>Informele taak: toespraak<br><br>Soeklees<br><br>In pare gesels<br><br>ontwerp aansoekvorm om in te vul | As onderwyser behou nog steeds **hoë verwagtinge** en 'n postiewe houding. Vermy stereotipering en pas op vir vooroordeel<br><br>Gebruik 'n **glimpen** *("highliter")* om net die sleutelwoorde in te kleur.<br><br>Wees gedurig in kontak met die ouers<br><br>**<u>Swak gehoor</u>**<br><br>Saam lees in spreekore of lees vir hom voor – dit moedig praat en luister aan. Neem die pas 'n bietjie stadiger en "scaffold" die aktiwiteite. Begin by die bekende en bou stadig op tot die moeilike werk<br><br>Toets slegs die belangrikste werk of fokus net op sleutelgedagtes<br><br>Gee geskrewe instruksies in plaas van net verbale instruksies.<br><br>Verkort die aktiwiteit |

| | | | |
|---|---|---|---|
| • **identifiseer doel, teikengroep en konteks**;<br><br>• beskryf die kenmerke van die soort teks wat gelees word (soos 'n eenvoudige advertensie vir 'n betrekking);<br><br>• lewer kommentaar op register/styl (formeel en informeel);<br><br>• ontleed perspektief, konstruksie van betekenis en die manier waarop die leser geposisioneer word.<br><br>As 5 Ontleed mediatekste krities (soos 'n kort koerantberig):<br><br>• identifiseer onderwerp, konteks, teikengroep en boodskap van geskrewe en visuele tekste;<br><br>• ontleed die tekssoort en register/styl (soos: koerantberigte het opskrifte, gebruik kort sinne en paragrawe, die direkte rede en kort, alledaagse adjektiewe om die leser se aandag te trek).<br><br>As 6 **Gebruik leesstrategieë:**<br><br>• **vluglees tekste -** identifiseer die onderwerp, kerngedagtes en bladuitlegtegnieke (soos illustrasies);<br><br>• **pas gepaste leestegnieke op verskillende tekssoorte toe;**<br><br>• ontwikkel en evalueer leesspoed;<br><br>• gebruik strategieë om woordbetekenis vas te stel (soos: lees omringende woorde; kyk | Maak seker dat jy die volgende inligting bekom:<br><br>Naam, geboortedatum, manlik/vroulik, getroude status, akademiese kwalifikasies, professionele kwalifikasies, vorige ondervinding, referente<br><br><u>Aktiwiteit 6</u><br><br>Ruil aansoekvorms uit en vul mekaar se vorms in. Bespreek die ingevulde vorms en stel vas of dit volledig is en of alle inligting tersaaklik is. Ontbreek enige inligting?<br><br>Blaai verder deur jou koerant en stel vas of daar enige ander vorms bv. kompetisies is om in te vul.<br><br><u>Aktiwiteit 7 (Navorsing)</u><br><br>Laat die leerders gaan nadink en ondersoek instel oor moontlike loopbaankeuses. Die leerders moet soveel moontlik inligting versamel oor die loopbane waarin hy belangstel.<br><br>**Stel 'n plan op**<br><br>Maak vir jou 'n **loopbaanlêer** waarin jy al die inligting en gepaste materiaal versamel wat jou kan help. Besoek die werkplek waarin jy belangstel.<br><br><u>Evalueer jouself</u>: Trek kolomme met die volgende opskrifte. *Belangstelling, Aanleg, Vaardighede, Omgewing* . Vul dit in voordat jy met mense in die beroepsveld gaan praat en hersien dit wanneer jy terugkom. *(of laat jou vriende en familie dit ook lees in jou evaluasie van jouself – hulle ken jou beter as wat jy dink)*<br><br>Praat met die mense in jou gekose gebied en **vra die volgende vrae:**<br><br>Watter verantwoordelikhede het jy? Beskryf die verloop van 'n gewone dag by die werk. Wat is die aangenaamste deel van | Maats bv. In pare<br><br>Portuurassessering<br><br>Maats bv. In pare<br><br>Doen navorsing<br><br>Hele klas<br><br>Klasbespreking<br><br>Mondelinge aanbieding | **<u>Leerders met 'n spraakgebrek</u>**<br><br>Gee minder tyd vir hierdie leerder om terug te rapporteer. Verkort die mondeling aktiwiteit om hierdie leerder te akkommodeer<br><br>**<u>Swak siende</u>**: Hierdie leerder moet voor in die klas sit. Onderrigmiddele moet aangepas word. Groter skrif byvoorbeeld. Werkopdragte kan in groter *font* gedruk word. Of plaas die opdrag op band. Sy klasmaats sal baiekeer vir hom voorlees. Gee vir die leerder ook meer tyd.<br><br>Lees die materiaal vir hom voor. Verskaf ekstra woordeskatlyste om leerder |

<table>
<tr>
<td>
na illustrasies/diagramme; bespreek 'n woord in die huistaal).<br><br>
<u>Lu 4 Skryf</u><br><br>
As 2 Skryf vir 'n sosiale doel:<br><br>
• skryf 'n eenvoudige sakebrief (soos 'n werksaansoek, CV en dekbrief);<br><br>
• skryf informele en redelik formele e-posboodskappe;<br><br>
• stel 'n agenda vir 'n vergadering op en skryf die notule (soos van 'n SR-vergadering);<br><br>
• toon bewustheid van tekssoort, doel, teikengroep, konteks en register/styl.<br><br>
As 3 Skryf vir persoonlike besinning:<br><br>
• skryf 'n dagboek of 'n joernaal.<br><br>
As 5. Ontwerp mediatekste:<br><br>
• skryf eenvoudige, persoonlike advertensies (soos adverteer iets wat te koop is);<br><br>
• ontwerp 'n tydskrifvoorblad, 'n CD- en boekomslag.<br><br>
<u>Lu 5 Dink en Redeneer</u><br><br>
As 2 Gebruik taal om te dink:<br><br>
• stel en beantwoord meer komplekse vrae;<br><br>
• brei veralgemenings, definisies en
</td>
<td>
jou werk? En die minder aangename deel? Waarom het jy hierdie werk gekies? Wat is die voordele van die werk (reis baie) en nadele? (lang ure) Watter kwalifikasies en vaardighede het 'n mens nodig om die werk goed te kan doen. Waar kry jy opleiding in die gebied/veld? Watter skoolvakke moet jy neem?<br><br>
Kom nou terug en rapporteer aan die klas jou bevindinge.<br><br>
Stel jy nog steeds belang in die beroep of gaan jy 'n ander veld in slaan? Verduidelik aan die klas waarom.<br><br>
Bring ondersteuningsmateriaal saam in jou voorlegging soos 'n lys wat jou keuse van beroep duidelik ondersteun.<br><br>
Maak lyste:<br><br>
<table>
<tr><th><u>Beroep</u></th><th><u>Werk in binne of buite</u></th><th><u>Karaktertrek</u></th></tr>
<tr><td>1.........</td><td><u>.......binne..................</u></td><td><u>......geduld.................</u></td></tr>
<tr><td>2........</td><td><u>.....................................</u></td><td><u>....................................</u></td></tr>
<tr><td>3........</td><td><u>....................................</u></td><td><u>....................................</u></td></tr>
</table><br>
<u>Aktiwiteit 8 (30 punte)</u><br><br>
Formele taak: leerders moet geleer word om 'n aansoekbrief te skryf. (20 punte) Wys hulle daarop dat die toon moet formeel wees en daar mag geen taal- of spelfoute in jou dekbrief wees nie. Leer hulle om 'n CV saam te stel. (10 punte)<br><br>
Sien Bylaag B<br><br>
<u>Aktiwiteit 9 (20 punte)</u>
</td>
<td>
Self<br><br>
Formele taak: skryf aansoekbrief en CV<br><br>
rubriek
</td>
<td>
te ondersteun en te lei. Korter tekste en tekste met meer ilustrasies sal ook help.<br><br>
Maak meer gebruik van oudio visuele materiaal<br><br>
Kry hulp van spesiale skole bv. braille<br><br>
Take moet ook vereenvoudig word – verminder die inligting op jou werksvelle (soos bv beskrywings en sketse)<br><br>
<u>Skryfprobleme</u><br><br>
Hou jou sinne kort<br><br>
Vra die leerder eerder om op te som as om lang stukke te skryf<br><br>
<u>Disleksie:</u> Die aktiwiteite kan meer prakties van aard wees en die instruksies kan verbaal gegee word. Hierdie leerlinge moet ook nie gepenaliseer word vir spelling nie. Assessering moet sover as moontlik mondelings geskied.
</td>
</tr>
</table>

| | | | |
|---|---|---|---|
| klassifikasies uit na paragrawe;<br><br>• dink aan voorbeelde om algemene stellings te staaf;<br><br>• skryf lang beskrywings met voorbeelde;<br><br>• verstaan en gebruik bewyse wat 'n teorie of argument staaf (soos wetenskaplike bewyse);<br><br>• maak gevolgtrekkings.<br><br>As 3 **Versamel inligting en teken dit op verskillende maniere op:**<br><br>• kies relevante inligting en skryf aantekeninge (organiseer kernidees onder hofies en subhofies; gebruik bladuitlegtegnieke soos hoofletters en onderstreping);<br><br>• **lees en gee 'n samevatting van inligting uit verskeie tekste oor dieselfde onderwerp;**<br><br>• dra inligting van een modus na 'n ander oor (soos gebruik statistiek om paragrawe te skryf; gebruik kopkaarte).<br><br><u>Lu 6 Taalstruktuur en Taalgebruik</u><br><br>As 4 Brei woordeskat uit:<br><br>• verstaan en gebruik woorde wat verwarrend kan wees (soos: verveeld, vervelig; aand, nag; spieël, speel; help, hulp);<br><br>• toon taalgevoeligheid vir woorde (soos: | **Formele taak:** Jy word genooi na die werksonderhoud. Rolspel die formele werksonderhoud. (20 punte)<br><br>(*Onthou om die leerders toe te laat om na te lees oor die moets en moenies van werksonderhoude op die internet. Laat hulle 'n paar wenke uitdruk, al is dit in Engels en kom lees dit voor aan die klas nadat hulle die wenke in groepies van 4 vergelyk het en vertaal het na Afrikaans )*<br><br><u>Aktiwiteit 10</u><br><br>Laat leerders aan 'n rolspelaktiwiteit deelneem waarin hulle gesimuleerde beroepe aan mekaar demonstreer. Dit sal die leerders se begrip van die aard van die beroepe verbeter.<br><br>Mimiek of speel stomstreke en laat leerders raai watter beroep word uitgebeeld.<br><br><u>Aktiwiteit 11 (klasgesprek/debat)</u><br><br>Verdeel die klas in groepe van 4 tot 6 leerders. Deel aanhalings uit *(bv. 'n vrou se plek is tuis en in die kombuis)* sodat hulle dit kan bespreek.<br><br>Laat leerders die vrae/aanhalings in groepsverband bespreek en dan as 'n groep terugvoering gee. Slegs een segsman per groep lewer terugvoering.<br><br><u>Aktiwiteit 12</u><br><br>Leerders moet die woorde wat hy nie weet wat dit beteken nie in 'n **woordeboek** naslaan en gebruik dit in goeie verklarende sinne. Dit lei tot die uitbreiding van woordeskat en dit verbeter sy spel- en skryfvermoë .<br><br><u>Aktiwiteit 13</u><br><br>Hoe goed het jy die leestuk verstaan? Voltooi die | rolspel<br><br>in pare<br><br>formele taak: rubriek<br><br><br><br>hele klas<br><br>speletjie<br><br><br><br>klasgesprek/ debat<br><br>in groepe<br><br><br><br>Self/leerder<br><br>Woordeboek gebruik<br><br><br><br>Self | <u>In die klaskamer</u><br><br>Sorg dat daar leesmateriaal (fiksie sowel as nie-fiksie ) in die klaskamer is.<br><br>Tydskrifte en koerante en interessante artikels moet moet beskikbaar wees.<br><br><u>Klaskameratmosfeer</u><br><br>Die leerders se verskillende kulture asook hul onderskeie agtergronde moet erken word<br><br>**<u>Hiperaktiewe kind:</u>** Sorg dat die aktiwiteite korter is. Daar moet ook 'n verskeidenheid van take wees. Die geskrewe take kan ook opgedeel word in korter stukkies.<br><br>Party leerders sukkel met disleksie en party leerders is dalk swaksiende.<br><br>Swaksiende leerders kan oudioboeke gebruik. |

| | | | |
|---|---|---|---|
| *jy/julle* teenoor *u; mond* teenoor *bek; maag* teenoor *pens*);<br><br>• gebruik enkele vergelykings (soos: so dood soos 'n mossie; so arm soos 'n kerkmuis; so koel soos 'n komkommer);<br><br>• gebruik een woord vir 'n omskrywing (soos: 'n plek waarheen siek mense gaan - 'n hospitaal; messe, vurke, lepels - eetgerei; wortels, boontjies, patats, mielies - groente);<br><br>• gebruik voor- en agtervoegsels om nuwe woorde te vorm (soos: bedags, weekliks, onskuldig);<br><br>• brei gebruik van samestellings uit (soos: lewe + verhaal = lewensverhaal);<br><br>• ondersoek temagerigte woorde (soos woorde wat met die liefde verband hou) en woordfamilies (soos: outobank, outomaties, outobiografie);<br><br>• Gebruik 'n tweetalige en verklarende woordeboek en 'n tesourus.<br><br>As 5 Demonstreer begrip van 6 000 tot 8 000 alledaagse gesproke woorde binne konteks teen die einde van graad 9. Indien leerders die addisionele taal vir leer in ander leerareas gebruik, behoort hulle na meer as 8 000 woorde te mik. | blokkiesraaisel om uit te vind.<br><br>Of<br><br>Skommel die sinne in die regte volgorde om die leesstuk meer sinvol en verstaanbaar te maak.<br><br><u>Aktiwiteit 14</u><br><br>Praat oor 'n prent en oor die beroep wat in die prent voorgestel word. Maak 'n lys van alles wat jy in die prent sien wat die beroep weg gee.<br><br><u>Aktiwiteit 15</u><br><br>**Soelkees** die beroepe in 'n leesstuk.<br><br><u>Aktiwiteit 16</u><br><br>Ontdek taal in konteks. Vul die ontbrekende woord in .<br><br><u>Aktiwiteit 17</u><br><br>Speel 'n speletjie: ***Raai die regte woord***<br><br><u>Aktiwiteit 18</u><br><br>Leerders beantwoord 'n "***cloze oefening"*** om hul spelvermoë te verbeter. | Voltooi blokkiesraaisel<br><br>Self/leerder<br><br>Maak van lyste/kolomme en tabelle<br><br>soeklees<br><br>Self/leerder<br><br>speletjie<br><br>Self/leerder<br><br>cloze oefening<br><br>Die hele klas | Praat vroegtydig met jou oeuers of onderwysers, want daar is baie hulp vir mense met disleksie |

Hulpmiddels:Leesboek, Prente, Liedjies, Woordeboek, Skryfbord, Kasette, Atlas, Rekenaar, Woordkaarte,TV , videobande

Nabetragting:

# LESPLAN

(tekste van ander leerareas)

## Afrikaans Eerste Addisionele Taal

**Konteks**: (tekste van ander leerareas) Ekonomiese en Bestuurswetenskappe,

**Tema**: Neem beheer oor jou geldsake en vind uit wat saboteer jou spaargeld. Komaan maak jou eie geld

| **Tyd:** 3 weke | | | **Graad: 9** |
|---|---|---|---|
| **LU EN ASS** | **ONDERWYSER EN LEERDER AKTIWITEIT** | **ASSESSERING** | **STRUIKELBLOKKE VIR LEER** |
| Lees die tabelle, sakeartikels in koerante, finasiële state, begrotings, voor aan die leerders.<br><br>Lu: 1 Luister As 1,2,4<br><br>As 1 Verstaan en waardeer stories, asook dié wat deur medeleerders vertel word.<br><br>• **reageer persoonlik** en **krities, stel en beantwoord vrae;**<br><br>• evalueer die manier waarop die storie vertel is en gee terugvoering.<br><br>As 2 **Verstaan mondelinge tekste** (soos geselsprogramme, **tekste met statistiek):** | Nota aan onderwyser:<br><br>Onthou by Eerste Addisionele Taal val die klem op **luister** en **praat** aktiwiteite.<br><br>**Formele take**: Luisteraktiwiteit (10 punte)<br>Rolspel 'n onderhoud (20 punte)<br>Skryf 'n aansoekbrief en 'n CV 20 +10 = 30 punte<br>(sien Bylaag vir rubrieke)<br><br>Moenie die toets vergeet wat 'n begripstoets (20) en taal (40) en letterkunde (beide genres) 20 + 20 = 40 asook die skryf van 'n opsomming (10) insluit nie. ( 50 -60 woorde)<br><br>Aktiwiteit 1<br><br>Jy is lief vir uitgaan, is verslaaf aan skoene en gaan eet graag | self<br><br>Onderwyser | Leerders het elkeen sy eie teks en volg terwyl die onderwyser voorlees<br><br>In alle gevalle<br><br>Leerders het 'n **afskrif** (fotostaat) van die betrokke noodhulpprosedure wat die onderwyser voorlees<br><br>Leerder het 'n **sterk akademiese maat** wat hom te alle tye bystaan<br><br>Fokus meer op die **positiewe** |

| | | | |
|---|---|---|---|
| • beantwoord vrae;<br>• vertel oor en som op;<br>• identifiseer standpunt/perspektief en is in staat om 'n alternatiewe standpunt te gee;<br>• ontleed die kenmerke van verskillende soorte mondelinge tekste (soos 'n gesprek, 'n verhaal).<br><br>As 4 Luister aandagtig tydens 'n bespreking:<br>• is ontvanklik vir idees en is krities teenoor ander se standpunte, maar toon respek;<br>• vra vir bydraes van ander en reageer op standpunte;<br>• is bereid om ander se standpunte te bevraagteken, maar doen dit op 'n hoflike wyse en onderbreek nie;<br>• kritiseer idees en nie die persoon nie.<br><br>Lu 2 Praat As 1,3,5<br><br>As 1 Vertaal en tolk:<br>• vertel stories uit die huistaal oor in die addisionele taal;<br>• vertaal of tolk boodskappe;<br>• vertaal of tolk tydens 'n gesprek, indien nodig.<br><br>As 3 Toon ontwikkeling in die vermoë om kenmerke van gesproke taal te gebruik om te kommunikeer: | saam uit. Sit neer daardie beursie en beantwoord eers hierdie vraelys om te kyk hoekom jou begroting nooit klop nie.<br><br>Die vraelys gaan alles oor jul geldsake verklap<br><br><u>Antwoord so eerlik as moontlik</u><br><br>1. Bestee jy al jou geld op jouself?<br>2. Gaan jy elke liewe naweek uit?<br>3. Kan jy 'n hele dag lank geen sent uitgee nie?<br>4. Dink jy en jou vriende soms aan goedkoop maniere van pret hê?<br>5. Koop jy elke maand nuwe klere?<br>6. Koop jy soms klere op rekening?<br>7. As jy gelukkig genoeg is om sakgeld te kry, gee jy dit uit sodra jy dit ontvang?<br>8. Koop jy kos by die skool?<br>9. As jy wil spaar, sal jy die hele naweek by die huis bly?<br>10. Skuld jou vriende jou geld?<br>11. Gee jy altyd geld op jou vriende uit?<br>12. Het jou vriende enige spaargeld?<br>13. As jou vriende nie 'n fliekkaartjie kan bekostig nie, sal jy vir hulle betaal?<br>14. Het jy onlangs iets gekoop wat jy regtig nie nodig het nie?<br>15. Is jy dol oor inkopies?<br><br>Kyk hoeveel keer het jy ***Ja*** en hoeveel keer het jy ***Nee*** geantwoord. Sien jy 'n patroon? Is jy te suinig of wanneer gaan jy besef dat 'n bedrywige sosiale lewe kan jou banksaldo knou.<br><br>Jou vriende besef dalk nie hulle teer op jou nie, maar hulle maak jou platsak. Jy wat so lief is om jou geld te blaas – stop dit vandag. Dit lyk asof of jou liefde vir als wat mooi is al jou spaargeld insluk. Spandeer minder tyd in die winkels. | Voltooi vraelys | Wees behulpsaam en buigbaar/buigsaam en **geduldig**<br><br>Gee **individuele bystand**<br><br>As onderwyser behou nog steeds **hoë verwagtinge** en 'n postiewe houding. Vermy stereotipering en pas op vir vooroordeel<br><br>Gebruik 'n **glimpen** *("highliter")* om net die sleutelwoorde in te kleur.<br><br>Wees gedurig in kontak met die ouers<br><br>**<u>Swak gehoor</u>**<br><br>Saam lees in spreekore of lees vir hom voor – dit moedig praat en luister aan. Neem die pas 'n bietjie stadiger en "scaffold" die aktiwiteite. Begin by die bekende en bou stadig op tot die moeilike werk<br><br>Toets slegs die belangrikste werk of fokus net op sleutelgedagtes<br><br>Gee geskrewe instruksies in plaas van net verbale instruksies.<br><br>Verkort die aktiwiteit |

| | | | |
|---|---|---|---|
| woord- en sinsaksent, intonasie, ritme.<br><br>As 5 Word deur iemand ondervra (soos in 'n werksonderhoud):<br><br>• voorspel die vrae wat gevra gaan word en doen voorbereiding;<br><br>• beantwoord vrae;<br><br>• gebruik die gepaste toon, register en liggaamstaal.<br><br>Lu 3 Lees en Kyk As 1,6,7,8<br><br>As 1 **Lees** 'n verhaal (fiksie of **nie-fiksie):**<br><br>• Identifiseer die doel, teikengroep en konteks;<br><br>• **verstaan betekenis van dinge wat nie direk genoem word nie deur afleidings te maak;**<br><br>• identifiseer die register/styl (formeel of informeel);<br><br>• verduidelik en evalueer perspektief/houding in sowel die geskrewe as visuele dele van 'n teks en bied alternatiewe idees;<br><br>• verstaan die manier waarop 'n teks 'n leser posisioneer (soos deur die gebruik van die inklusiewe voornaamwoord "ons");<br><br>• onderskei tussen kern- en ondergeskikte gedagtes;<br><br>• toon begrip van karakter, intrige en | <u>Aktiwiteit 2 Stel 'n finansiële woordeboek op</u><br><br><u>**Informele Taak:** Werk met woorde of naslaanwerk (10)</u><br><br>Die leerders werk in pare. Vind uit wat die volgende woorde beteken. *(Die leerders mag maar die Engelse betekenis eers naslaan)* Skryf 'n definisie vir elkeen en probeer dit aan iemand verduidelik in jou eie woorde.<br><br>Kapitaal, rente, krediteure, debiteure, bate, paaiement, kredietkaart, debietkaart, kredietwaardig, mikrolening, inflasie, verbruikersprysindeks (VPI) , resessie, stokvel, geldmarkfondse, uitkeerpolisse, lewenspolisse, aftree-annuiteite, aandele, eiendom, skuld,<br><br>***Sien Bylae B: Doen die Kolom A en Kolom B***<br><br><u>Aktiwiteit 3</u> (speel ekonoom)<br><br>Julle klas gaan 4 maande lank elke dag die inflasiekoers dophou. Hou ook die nuus vir prysstygings dop. Verdeel die klas in pare. Elke paar moet 2 weke op 'n slag die koerante dophou en knipsels of inligting klas toe bring.<br><br>Trek aan die einde van die 4 maande 'n **grafiek** in jul werkboeke om te wys hoe die inflasiekoers gedaal of gestyg het.<br><br>Hou 'n **klasbespreking** oor hoe dit die pryse van goedere en dienste beïnvloed. Wat het duurder geword? Hoekom? Dink julle mense het in hierdie tydperk meer geld of minder begin bestee? Het hulle meer geld of minder geld gehad om skuld aan te gaan?<br><br>Voer **onderhoude** met mense in jul omgewing om te hoor hoe hulle dit ervaar. | Maats bv. In pare<br><br>naslaanwerk<br><br>Rolspel ekonoom<br><br>Grafiek opstel<br><br>Klasbespreking<br><br>Onderhoud<br><br>In groepe | <u>**Leerders met 'n spraakgebrek**</u><br><br>Gee minder tyd vir hierdie leerder om terug te rapporteer. Verkort die mondeling aktiwiteit om hierdie leerder te akkommodeer<br><br><u>**Swak siende**</u>: Hierdie leerder moet voor in die klas sit. Onderrigmiddele moet aangepas word. Groter skrif byvoorbeeld. Werkopdragte kan in groter *font* gedruk word. Of plaas die opdrag op band. Sy klasmaats sal baiekeer vir hom voorlees. Gee vir die leerder ook meer tyd.<br><br>Lees die materiaal vir hom voor. Verskaf ekstra woordeskatlyste om leerder te ondersteun en te lei. Korter tekste en tekste met meer ilustrasies sal ook help.<br><br>Maak meer gebruik van oudio visuele materiaal<br><br>Kry hulp van spesiale skole bv. braille |

| | | | |
|---|---|---|---|
| ruimte/agtergrond in fiktiewe tekste.<br><br>• vergelyk verskillende tekssoorte en bring dit in verband met die doel van die teks (soos oorreding, instruksies).<br><br>As 6 **Gebruik leesstrategieë:**<br><br>• **vluglees tekste - identifiseer die onderwerp, kerngedagtes en bladuitlegtegnieke (soos illustrasies);**<br><br>• **pas gepaste leestegnieke op verskillende tekssoorte toe;**<br><br>• **ontwikkel en evalueer leesspoed;**<br><br>• gebruik strategieë om woordbetekenis vas te stel (soos: lees omringende woorde**; kyk na illustrasies/diagramme;** bespreek 'n woord in die huistaal).<br><br>As 7 Lees vir genot:<br><br>• **lees** fiktiewe en **nie-fiktiewe tekste op die gepaste lees- en taalvlak;**<br><br>• lees enkele nuwe tekssoorte (soos 'n roman);<br><br>• evalueer 'n teks deur 'n boekverslag te skryf;<br><br>• lees 'n eenvoudige boekresensie;<br><br>• los woordraaisels op (soos blokkiesraaisels).<br><br>As 8 Toon begrip van die gebruik van naslaanwerke:<br><br>• evalueer en kies boeke deur die | <u>Aktiwiteit 4 "*Step in"* of *"'n Step out*" na 'n bank (kundige van buite)</u><br><br>Julle klas gaan 'n bank of 'n verskeidenheid van banke in jul omgewing besoek. Kyk of die banke mededingend is.<br><br>Stel vas watter rente op kredietlenings gehef word. Vind uit hoe die transaksiekoste op 'n debiet- en kredietkaart met mekaar **vergelyk.**<br><br>Hoeveel rente kry 'n mens as jy geld op elkeen van hierdie kaarte spaar? Hoor of die bank ander skuldgeriewe het en wat dit kos om hierdie geld te leen.<br><br>Hou 'n **klasbespreking** oor skuld en of dit die moeite werd is om skuld te maak.<br><br>Vergelyk die 3 groot banke se aanbiedinge wat gemik is op die tienermark met mekaar. Wat FNB se Fluid-spaarrekenings wat Standard Bank (sum) 1 –spaarrekening jou nie kan gee nie? En Absa se Mega U-spaarrekening voldoen hy aan al jou vereistes?<br><br>Tot watter slotsom kom julle. Kom hou 'n *"sales pitch"* vir die klas.<br><br><u>Aktiwiteit 5 (voltooi 'n vorm)</u><br><br>Vir die Leerarea, Lewensoerentering, moet julle 'n bankrekening open.<br><br>Vul die nodige vorms in en verduidelik hoekom jy by daardie bertokke bank daardie spesifieke rekening geopen het. Onthou om bewyse van die bankrekening saam skool toe te bring vir jou Lewensorietering leêr.<br><br><u>Aktiwiteit 6 (dialoog)</u> | Besoek<br><br>Klasbespreking<br><br>Mondelinge aanbieding<br><br>Self/leerder<br><br>Funksionele skryfstuk<br><br>Vul in 'n vorm<br><br>Dialoog<br><br>Rubriek (skryf/praat)<br><br>Maats bv. In pare | Take moet ook vereenvoudig word – verminder die inligting op jou werksvelle (soos bv beskrywings en sketse)<br><br>**<u>Skryfprobleme</u>**<br><br>Hou jou sinne kort<br><br>Vra die leerder eerder om op te som as om lang stukke te skryf<br><br>**<u>Disleksie:</u>** Die aktiwiteite kan meer prakties van aard wees en die instruksies kan verbaal gegee word. Hierdie leerlinge moet ook nie gepenaliseer word vir spelling nie. Assessering moet sover as moontlik mondelings geskied.<br><br><u>In die klaskamer</u><br><br>Sorg dat daar leesmateriaal (fiksie sowel as nie-fiksie ) in die klaskamer is.<br><br>Tydskrifte en koerante en interessante artikels moet moet beskikbaar wees.<br><br><u>Klaskameratmosfeer</u> |

| | | | |
|---|---|---|---|
| inhoudsopgawe en indeks te gebruik;<br><br>• **gebruik 'n woordeboek, 'n eenvoudige tesourus en ensiklopedieë.**<br><br>Lu 4 Skryf   As 4,6,7<br><br>As 4  Skryf skeppend:<br><br>• vertaal verhale (en ander tekste) uit die huistaal, probeer om die taalidioom daarin te vervat en let op hoe dit (en dikwels ook waardes) in twee tale kan verskil;<br><br>• toon ontwikkeling in die skryf van stories, gedigte en toneelstukke.<br><br>As 6  Benader skryf as 'n proses:<br><br>• skryf 'n konsepweergawe en lees en bespreek eie skryfwerk krities;<br><br>• gebruik terugvoering om te hersien, te redigeer en te herskryf;<br><br>• gebruik kennis van grammatika en spelling om te redigeer;<br><br>• evalueer ontwerp en bladuitleg.<br><br>As 7 Gebruik ontwikkelende kennis van taalstruktuur en -gebruik:<br><br>• toon begrip van styl en register (soos herskryf 'n verhaal as 'n koerantberig);<br><br>• toon begrip van die inligtingstruktuur van tekste; | Verduidelik in 'n telefoongesprek (dialoog) aan jou ouma *(of enige ouer persoon wat tegnologies gestrem is)* hoe werk krediet- en debietkaarte.<br><br>Aktiwiteit 7 (toespraak)<br><br>Teen hierdie tyd het jy seker genoeg inligting bymekaar gemaak om amper soos 'n kenner te voel.<br><br>Skryf 'n toespraak waarin jy al jou kennis van die afgelope paar weke gaan inspan om ander klasmaats te oortuig dat finansiële beplanning belangrik is.  Die titel van jou toespraak is:  *" Hoe begin 'n mens met finansiële beplanning?"*<br><br>Klink oortuigend en noem praktiese voorbeelde.  *(maak veral van Suzie Orman se webtuiste gebruik )*<br><br>Aktiwiteit 8 (breinstorm – hoe om wettig geld te maak)<br><br>Vra die klas om te breinstorm oor hoe om ekstra geld te maak.<br><br>Skryf alle idees neer op die skryfbord.  Van deeltydse modelwerk tot promosiewerk.  As jy help met die wasgoed vir ekstra geld tot motors was vir R 30.  Miskien maak jy juwele of sjokolade-fudge en verkoop dit aan jou vriende en familie.  Dalk bied jy rekenaarklasse aan per uur teen betaling.<br><br>Kyk net hoe kreatief is die klas.  Gaan probeer dit nou in jul omgewing.<br><br>Aktiwiteit 9<br><br>Jou skool hou 'n Markdag.  Hoe gaan jy jou produk adverteer?<br><br>Dink aan 'n oorspronlike naam vir jou produk soos Mmmosterd.  Ontwerp 'n advertensie vir jou stalletjie.<br><br>Aktiwiteit 10 (Kuns en Kultuur)<br><br>Die land oorweeg dit om 'n R 500 noot uit te bring.  Julle klas | Toespraak<br><br>rubriek<br><br>self<br><br>breinstorm<br><br>hele klas<br><br>praktiese oefening<br><br>Aanbieding / projek<br><br>Hele Klas<br><br>Projek | Die leerders se verskillende kulture asook hul onderskeie agtergronde moet erken word<br><br>**Hiperaktiewe kind:** Sorg dat die aktiwiteite korter is.  Daar moet ook 'n verskeidenheid van take wees.  Die geskrewe take kan ook opgedeel word in korter stukkies. |

| | | | |
|---|---|---|---|
| • skryf samehangende, langer skryfstukke met 'n inleidende en slotparagraaf;<br><br>• evalueer eie houding krities;<br><br>begin verstaan hoe eie skryfwerk die leser posisioneer.<br><br>Lu 5 Dink en Redeneer As 3<br><br>As 3 Versamel en teken inligting op verskillende maniere op:<br><br>• kies relevante inligting en skryf aantekeninge (organiseer kernidees onder hofies en subhofies; gebruik bladuitlegtegnieke soos hoofletters en onderstreping);<br><br>• lees en gee 'n samevatting van inligting uit verskeie tekste oor dieselfde onderwerp;<br><br>• dra inligting van een modus na 'n ander oor (soos gebruik statistiek om paragrawe te skryf; gebruik kopkaarte).<br><br>Lu 6 Taalstruktuur en Taalgebruik As 1,2,3,4<br><br>As 1 Spel bekende woorde korrek:<br><br>• woorde wat dikwels verkeerd gespel word (soos: dieselfde, speel, vriendin, idee);<br><br>• woorde met enkel- en dubbelvokale en -konsonante (soos: droom, drome; grap, grappe).<br><br>• woorde wat los of vas geskryf word (soos: Ons ry vier uur lank daarheen; Om vieruur | word gevra om te help ontwerp aan die R 500 noot.<br><br>Onthou nou hoe lyk die ander geldnote. Borduur voort op die tema. Verduidelik jou ontwerp en simboliek indien enige.<br><br>Jou Kuns en Kultuur onderwyser gaan jul ontwerpe beoordeel.<br><br><u>Aktiwiteit 11</u><br><br>Jou onderwyser gaan die gemorspos van 'n paar winkels klas toe bring. *(Game, Spar, Pick and Pay ens.)*<br><br>Julle klas word verdeel in groepe van 4 lede elk. Elke groep kry 'n denkbeeldige salaris en moet nou 'n begroting opstel uit die prentjies van die onderskeie gemorsposknipsels wat jou onderwyser vir jou groep gee.<br><br>Julle moet begroot vir 'n maand vir 'n familie van 4 en jou begroting moet klop. Sny tot die been.<br><br>Jou Ekonomiese Bestuurwetenskap onderwyser(es) gaan hierdie taak beoordeel.<br><br><u>Aktiwiteit 12 (gevallestudie)</u><br><br>Bespreek Thandi en Siya se situasie in die klas en hou 'n bespreking oor hoe julle hierdie getroude paartjie sal help.<br><br>**Help vir Thandi en Siya**<br><br>Die koerante voorspel rentekoerse gaan styg en wanneer dit gebeur, raak heelwat dinge duurder. | Onderwyser van ander Leerarea<br><br>Groep<br><br>Gevallestudie<br><br>Onderwyser van ander Leerarea<br><br>Gevallestudie<br><br>Self/leerder of groep<br><br>Praktiese oefening | |

begin die wedstryd);

- woorde met hoofletters en skryftekens (kappie, deelteken, koppelteken, afkappingsteken, hakies);
- gebruik algemene afkortings (soos: gr., d.w.s., dr., SA, VSA);
- pas kennis van lettergrepe toe deur woorde aan die einde van 'n reël korrek af te kap.

As 2 Gebruik verskillende eenvoudige taalvorme en sinstrukture om mondelings en skriftelik te kommunikeer:

- alledaagse meervouds-, geslags- en verkleiningsvorme;
- alledaagse voorsetsels in vaste en vrye verbindings;
- algemeen gebruikte adjektiewe (verbuiging, trappe van vergelyking, intensiewe vorme);
- voornaamwoorde: persoonlik (soos: jy, u, julle), besitlik (soos: myne, hare, ons s'n), betreklik (soos: wat, met wie), vraend (soos: watter, hoekom) en onbepaald (soos: iemand, almal, 'n mens … jy/jou);
- determineerders (soos: 'n, die) en telwoorde (soos: veertien, laaste);
- soorte sinne (stelsin, vraagsin, bevelsin.
- enkelvoudige sinne met 'n onderwerp, gesegde en voorwerp;

Saam het hulle uitgewerk hul maandelikse verbandpaaiement gaan met ongeveer R 200 styg, en hulle gaan R 50 meer rente betaal op die lening van hul ouers. Om vir hierdie stygings voorsiening te maak, moet hulle op ander uitgawes besnoei.

Help Thandi en Siya om vir 'n surplusbedrag in hul begroting te maak sodat hulle vir die styging in rentekoerse gereed is.

| **INKOMSTE** | **RAND** |
|---|---|
| Thandi | 10 000 |
| Siya | 10 000 |
| **TOTALE INKOMSTE** | **20 000** |
| **UITGAWES** | |
| huisverband | 5 000 |
| kos | 3 000 |
| klere | 1 000 |
| Vervoer (motor) | 2 000 |
| meubels | 1 000 |
| kredietkaart | 1 000 |
| Lening (ouers) | 1 000 |
| korttermynversekering | 1 000 |
| vakansie | 500 |
| sosiaal | 1 000 |

<table>
<tr>
<td>
<ul>
<li>die gebruik van die teenwoordige-, verlede- en toekomendetydsvorm;</li>
<li>die verbinding van sinne met voegwoorde met die korrekte woordorde;</li>
<li>die ontkennende vorm (soos: Ek hou nie van brood nie; Niemand sal dit doen nie);</li>
<li>alledaagse bywoorde in die korrekte volgorde (tyd, wyse, plek);</li>
<li>hulpwerkwoorde om tyd en modaliteit uit te druk;</li>
<li>die aktiewe (bedrywende) en passiewe (lydende) vorm in eenvoudige sinne;</li>
<li>leestekens (punt, komma, vraagteken, uitroepteken, aanhalingstekens).</li>
</ul>
As 3 Brei woordeskat uit:
<ul>
<li>verstaan en gebruik woorde wat verwarrend kan wees (soos: verveeld, vervelig; aand, nag; spieël, speel; help, hulp);</li>
<li>toon taalgevoeligheid vir woorde (soos: jy/julle teenoor u; mond teenoor bek; maag teenoor pens);</li>
<li>gebruik enkele vergelykings (soos: so dood soos 'n mossie; so arm soos 'n kerkmuis; so koel soos 'n komkommer);</li>
<li>gebruik een woord vir 'n omskrywing (soos: 'n plek waarheen siek mense gaan - 'n hospitaal; messe, vurke, lepels - eetgerei; wortels, boontjies, patats, mielies - groente);</li>
</ul>
</td>
<td>
<table>
<tr><td>bankkoste</td><td>500</td></tr>
<tr><td>skoonmaakdienste</td><td>1 000</td></tr>
<tr><td>studiekoste</td><td>1 000</td></tr>
<tr><td>telefoon</td><td>500</td></tr>
<tr><td>heffing</td><td>500</td></tr>
<tr><td>Totale uitgawes</td><td>20 000</td></tr>
<tr><td>Surplus of tekort</td><td>0</td></tr>
</table>
<u>Aktiwiteit 13 Idiomatiese uitdrukkings wat met geld te make het.</u>
Verduidelik die volgende uitdrukkings: “geld groei nie op my rug nie,” “munt slaan uit iets”, “jou gordel stywer intrek”
Kan julle leerders aan nog sulke voorbeelde dink? Stel ‘n lys saam.
<u>Aktiwiteit 14</u>
Vorm persoonsname van die volgende woorde: krediet, bank
Laat die leerders die oefeninge in hul werkboeke doen.
<u>Aktiwiteit 15</u>
Leerders moet die woorde wat hy nie weet wat dit beteken nie in ‘n woordeboek naslaan en gebruik dit in goeie verklarende sinne. Dit lei tot die uitbreiding van woordeskat en dit verbeter sy spel- en skryfvermoë .
<u>Aktiwiteit 16</u>
</td>
<td>
Taaloefeninge
Hele klas
Self
Woordeboek
Self
Taaloefeninge
</td>
<td></td>
</tr>
</table>

| | | | |
|---|---|---|---|
| • gebruik voor- en agtervoegsels om nuwe woorde te vorm (soos: bedags, weekliks, onskuldig);<br><br>• brei gebruik van samestellings uit (soos: lewe + verhaal = lewensverhaal);<br><br>• gebruik sinonieme en antonieme;<br><br>• ondersoek temagerigte woorde (soos woorde wat met die liefde verband hou) en woordfamilies (soos: outobank, outomaties, outobiografie);<br><br>• Gebruik 'n tweetalige en verklarende woordeboek en 'n tesourus.<br><br>As 4 Demonstreer begrip van 6 000 tot 8 000 alledaagse gesproke woorde binne konteks teen die einde van graad 9. Indien leerders die addisionele taal vir leer in ander leerareas gebruik, behoort hulle na meer as 8 000 woorde te mik. | Maak 'n **lysie van 10 selfstandige naamwoorde** wat in jou leestukke voorkom. Skryf dit in jul werkboeke neer.<br><br><u>Aktiwiteit 17</u><br><br>Hoekom word Swazi's en impi's met 'n afkappings-s geskryf?<br><br><u>Aktiwiteit 18</u><br><br>Die onderwyser gaan nou vir jou 'n paragraaf uit die koerantartikel gee sonder enige hoofletters of leestekens.<br><br>Die leerders moet in pare saam werk om die paragraaf van die nodige hoofletters en leestekens te voorsien. | In pare | |
| | | | |
| | | | |

Hulpmiddels: Prente, Liedjies, Woordeboek, Skryfbord, Kasette, Atlas, Rekenaar, TV , videobande, plakkate, afdrukke van skilderye, foto's, advertensies, ou kalenders, katalogusse, tydskrifte en koerante, straat- en landkaarte, reisboeke

Nabetragting:

Gr 9 Teks van ander leerareas

Aktiwiteit 2 Formele taak: (werk met woorde of naslaanwerk) 10 punte

Kies die beskrywing/definisie uit Kolom B wat die beste gaan pas by die woord in Kolom A.  Skryf slegs die letter van die alfabet neer as antwoord.

| Kolom A | Kolom B |
|---|---|
| 1. Skuld | a. ‘n bedrag wat jy aan ‘n persoon of instelling oor ‘n sekere tydperk moet terugbetaal |
| 2. Inflasie | b. ‘n groep mense wat maandeliks vrywillig dieselfde bedrag in ‘n spaarpoel belê |
| 3. Stokvel | c. Die voortdurende styging van die prys van goedere en dienste wat die publiek koop |
| 4. Krediteure | d. Kan net kontantaankope daarmee doen. |
| 5. Mikrolening | e. Wanneer jy sterf kry jou oorlewende gesinslede ‘n bedrag geld |
| 6. Uitkeerpolis | f. Suid-Afrika se inflasiekoers word maandeliks deur die regering gemeet |
| 7. Debietkaart | g. Jy belê ‘n enkelbedrag en jou geld word meer namate die polis ouer word. |
| 8. Lewenspolisse | h. Mense wat nie baie kredietwaardig is nie gaan hierdie tipe lening aan. Die rentekoerse is baie hoog. |
| 9. Geldmarkfondse | i. Die mense aan wie jy die geld skuld |
| 10. Verbruikersprysindeks | j. Mens belê van hul geld in hoërisiko-instrumente, wat groot opbrengste lewer, en die res in laerisiko-instrumente |

Antwoorde: 1........ 6...........

2........ 7...........

3........ 8..........

4........ 9...........

5........ 10.........

# LESPLAN

(drama)

## Afrikaans Eerste Addisionele Taal

## **Konteks**: Drama

| **Tyd:** Week 6 - 10 | | | **Graad: 9** |
|---|---|---|---|
| **ONDERWYSER AKTIWITEIT** | **LEERDER AKTIWITEIT** | **ASSESSERING** | **STRUIKELBLOKKE VIR LEER** |
| **<u>Lu 1 Luister As 2,4</u>**<br><br>As 2 Verstaan mondelinge tekste (soos geselsprogramme, tekste met statistiek):<br><br>• beantwoord vrae;<br><br>• vertel oor en som op;<br><br>• identifiseer standpunt/perspektief en is in staat om 'n alternatiewe standpunt te gee;<br><br>• ontleed die kenmerke van verskillende soorte mondelinge tekste (soos 'n gesprek, 'n verhaal).<br><br>As 4 Luister aandagtig tydens 'n bespreking:<br><br>• is ontvanklik vir idees en is krities teenoor ander se standpunte, maar toon respek; | **<u>Nota aan onderwyser</u>**<br><br>Onthou by Eerste Addisionele Taal val die klem op **luister** en **praat** aktiwiteite.<br><br>**Formele take**: Luisteraktiwiteit (10 punte)<br>Rolspel ‘n onderhoud (20 punte)<br>Skryf ‘n aansoekbrief en ‘n CV 20 +10 = 30 punte<br>(sien Bylaag vir rubrieke)<br><br>Moenie die toets vergeet nie wat ‘n begripstoets (20) en taal (40) en letterkunde (beide genres) 20 + 20 = 40 asook die skryf van ‘n opsomming (10) insluit. 50 -60 woorde<br><br><u>Aktiwiteit 1</u><br><br>Ons almal weet die drama word in graad 9 afgeskeep. Doen ‘n filmstudie dan. Watter klein drama of rolspel word in jou handboek behandel? Laat leerders dit opvoer in die klas en ek is seker een leerder in die klas is in besit van ‘n videokamera. Laat hulle toe om mekaar te “skiet” veral nadat jy die | Groepe<br><br>filmstudie | Leerders het elkeen sy eie dramaboek en volg terwyl die onderwyser voorlees<br><br><u>In alle gevalle</u><br><br>Leerders het ’n **afskrif** (fotostaat) van die betrokke noodhulpprosedure wat die onderwyser voorlees<br><br>Leerder het ‘n **sterk akademiese maat** wat hom te alle tye bystaan<br><br>Fokus meer op die **positiewe**<br><br>Wees behulpsaam en buigbaar/buigsaam en **geduldig** |

| | | | |
|---|---|---|---|
| • vra vir bydraes van ander en reageer op standpunte;<br><br>• is bereid om ander se standpunte te bevraagteken, maar doen dit op 'n hoflike wyse en onderbreek nie;<br><br>• kritiseer idees en nie die persoon nie<br><br>**<u>Lu 2 Praat As 2,3,4</u>**<br><br>As 2 Voer interaksie in die addisionele taal:<br><br>• gebruik taal vir 'n verskeidenheid funksies: rig vriendelike versoeke en vra persone om nie weer dinge te doen nie (soos: Sal jy omgee om nie …), vra raad van vriende of vreemdelinge (soos: Verskoon my, ek wonder of …);<br><br>• neem deel aan rolspel in verskillende situasies wat verskillende soorte taalgebruik behels (soos 'n werksonderhoud).<br><br>As 3 Toon ontwikkeling in die vermoë om kenmerke van gesproke taal te gebruik om te kommunikeer: woord- en sinsaksent, intonasie, ritme.<br><br>As 4 Debatteer sosiale en etiese kwessies deur oorredend te argumenteer en krities te reageer:<br><br>• *ken spesifieke rolle toe (soos voorsitter, tydhouer, sekretaris);<br><br>• betrek ander by die bespreking (soos: Wat dink jy hiervan?);<br><br>• onderbreek die gesprek op 'n hoflike wyse | verskillende kamerahoeke bespreek het.<br><br><u>Aktiwiteit 2</u><br><br>Waarsku die leerders vooraf dat hulle ‘n week se episodes van 7de laan moet kyk. (*of as jy oor die nodige apparaat beskik, neem die week se episodes op)*<br><br>Laat leerders die storielyne identifiseer. Liefdesdriehoek, Paula wat ‘n boek wil skryf, buite egtelike verhoudings, afguns, jaloesie, oneerlikheid ens.<br><br>Elke Vrydagoggend op RSG net na 09:00 voorspel een van die 7de laan karakters wat volgende week gaan gebeur. Partykeer word daar ook ‘n onderhoud met ‘n karakter gevoer om meer van hom of haar te wete te kom. Laat die leerders eers daarna luister.<br><br>Dit staan jou as onderwyser vry om *Boeretroos Produksies* hier in Oos-Londen te kontak en maak ‘n groepsbespreking vir jou klas om die stuk van Dowwe Dolla of Marc Lottering te gaan kyk.<br><br>En julle daar in die stede, neem julle klasse na die teater om goeie Afrikaanse stukke te gaan kyk. Marc Lottering word ook sterk aanbeveel en moenie die Grahamstad Kunstefees in die Junie vakansie vergeet nie. Bespreek nou vir ‘n plek in die koshuis.<br><br><u>Aktiwiteit 3</u><br><br>Die onderwyser sal die klas opdeel in groepe. Elke groep kies ‘n berig/foto/advertensie uit die koerant of tydskrif waaroor hulle ‘n drama wil skryf. Die groeplede kan selfs verskeie berigte saamvoeg tot een verhaal. | Groepe<br><br>Saam skryf | Gee **individuele bystand**<br><br>As onderwyser behou nog steeds **hoë verwagtinge** en ‘n postiewe houding. Vermy stereotipering en pas op vir vooroordeel<br><br>Gebruik ‘n **glimpen** *(“highliter”)* om net die sleutelwoorde in te kleur.<br><br>Wees gedurig in kontak met die ouers<br><br>**<u>Swak gehoor</u>**<br><br>Saam lees in spreekore of lees vir hom voor – dit moedig praat en luister aan. Neem die pas ‘n bietjie stadiger en “scaffold” die aktiwiteite. Begin by die bekende en bou stadig op tot die moeilike werk<br><br>Toets slegs die belangrikste werk of fokus net op sleutelgedagtes<br><br>Gee geskrewe instruksies in plaas van net verbale instruksies.<br><br>Verkort die aktiwiteit |

| | | | |
|---|---|---|---|
| (soos: Verskoon my …);<br><br>• gee eie mening en redes daarvoor (soos: Ek sê dit, want …);<br><br>• toon instemming (soos: Ek stem saam, want …) en meningsverskil (soos: Ja, maar …);<br><br>• wissel tale af, indien die situasie dit vereis<br><br>**<u>Lu 3 Lees en Kyk As 1,6,9</u>**<br><br>As 1 Verstaan en waardeer stories, asook dié wat deur medeleerders vertel word.<br><br>• reageer persoonlik en krities, stel en beantwoord vrae;<br><br>• evalueer die manier waarop die storie vertel is en gee terugvoering.<br><br>As 6 Gebruik leesstrategieë:<br><br>• vluglees tekste - identifiseer die onderwerp, kerngedagtes en bladuitlegtegnieke (soos illustrasies);<br><br>• pas gepaste leestegnieke op verskillende tekssoorte toe;<br><br>• ontwikkel en evalueer leesspoed;<br><br>• gebruik strategieë om woordbetekenis vas te stel (soos: lees omringende woorde; kyk na illustrasies/diagramme; bespreek 'n woord in die huistaal<br><br>As 9 Demonstreer 'n leeswoordeskat van 6 000 tot 7 | <u>Aktiwiteit 4</u><br><br>Laat groeplede eers hul karakters kies en gee vir hulle name.<br><br>Daarna word elemente soos tyd, ruimte, verteltyd, intrige en slot bespreek en geskryf. Hierna word die dialoog geskryf. Heel aan die einde word ‘n titel gekies en op dekor en kostuums besluit.<br><br><u>Aktiwiteit 5</u><br><br>Die stuk kan nou opgevoer word. Die res van die klas kan ‘n resensie vir die koerant skryf.<br><br><u>Aktiwiteit 6</u><br><br>Verdeel die volgende 3 take op in jou klas volgens elke leerder se vaardigheid of talent.<br><br>Laat een groep die dekorstel op skaal bou deur die kartonboks en koerantpapier en enige ander afvalmateriaal wat beskikbaar is te gebruik.<br><br>‘n Ander groep kan kostuums maak, leen, huur of ontwerp. Terwyl ‘n derde groep die program vir die opvoering ontwerp.<br><br><u>Aktiwiteit 7</u><br><br>Die dramastukke word eers voor die klas opgevoer, waartydens die res van die klas mekaar dan assesseer.<br><br><u>Aktiwiteit 8</u><br><br>Terwyl daar in die klas gelees word aan jul drama/leesboek, speel die speletjie “***Staan in mekaar se skoene***”<br><br>Die doel van hierdie aktiwiteit is om vir die leerders te leer om hulle in iemand anders se plek te plaas, om te voel en te dink wat hy/sy gevoel en gedink het. Moedig die leerders aan om | Groepe<br><br>beplanning<br><br>drama aanbieding<br><br>3 verskillende groepe<br><br>Dramastukke word opgevoer<br><br>portuurassessering<br><br>Self/leerder<br><br>speletjie | **<u>Leerders met ‘n spraakgebrek</u>**<br><br>Gee minder tyd vir hierdie leerder om terug te rapporteer. Verkort die mondeling aktiwiteit om hierdie leerder te akkommodeer<br><br>**<u>Swak siende</u>**: Hierdie leerder moet voor in die klas sit. Onderrigmiddele moet aangepas word. Groter skrif byvoorbeeld. Werkopdragte kan in groter *font* gedruk word. Of plaas die opdrag op band. Sy klasmaats sal baiekeer vir hom voorlees. Gee vir die leerder ook meer tyd.<br><br>Lees die materiaal vir hom |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 500 alledaagse woorde.  Indien leerders hul addisionele taal vir leer in ander leerareas gebruik, behoort hulle na 7 500 woorde te mik.<br><br>**Lu 4 Skryf As 4,6,7**<br><br>As 4  Skryf skeppend:<br><br>• vertaal verhale (en ander tekste) uit die huistaal, probeer om die taalidioom daarin te vervat en let op hoe dit (en dikwels ook waardes) in twee tale kan verskil;<br><br>• toon ontwikkeling in die skryf van stories, gedigte en toneelstukke.<br><br>As 6  Benader skryf as 'n proses:<br><br>• skryf 'n konsepweergawe en lees en bespreek eie skryfwerk krities;<br><br>• gebruik terugvoering om te hersien, te redigeer en te herskryf;<br><br>• gebruik kennis van grammatika en spelling om te redigeer; evalueer ontwerp en bladuitleg.<br><br>As 7  Gebruik ontwikkelende kennis van taalstruktuur en -gebruik:<br><br>• toon begrip van styl en register (soos herskryf 'n verhaal as 'n koerantberig);<br><br>• toon begrip van die inligtingstruktuur van tekste;<br><br>• skryf samehangende, langer skryfstukke | hulle in die situasie in te leef.<br><br>Fokus veral op morele keuses wat karakters maak,  iets wat ons leerders later kan help om self ingeligte keuses te kan maak.<br><br>Aktiwiteit 9<br><br>Doen verskillende variasies wanneer dit kom by die lees van ‘n drama:  die onderwyser lees die drama aan die leerders voor. Die leerders volg nie in hul boeke nie – dit word ‘n luisteroefening.<br><br>Of ‘n bandopname van die drama word in die klas voorgespeel.<br><br>Of die leerders lees verskillende karakters se dialoog gedramatiseerd voor terwyl die onderwyser of ‘n vlot leser die verteller se dele lees.<br><br>Aktiwiteit 10<br><br>Leerders moet die woorde wat hy nie weet wat dit beteken nie in ‘n **woordeboek** naslaan en gebruik dit in goeie verklarende sinne.  Dit lei tot die uitbreiding van woordeskat en dit verbeter sy spel- en skryfvermoë .<br><br>Aktiwiteit  11<br><br>Votooi die sinne met rymwoorde<br><br>Bv .    Ek sing lekker saam en dans my ...........<br><br>Musiek is die ding waarvan ek die meeste...........<br><br>Aktiwiteit 12<br><br>**Soek die woord.** *(wordsearch- woordsoektog)*  Vra die leerders om die woorde te soek  wat  binne die raam versteek | Lees voor aan klas<br><br>Woordeboek<br><br>Self<br><br>Hele klas<br><br>Woordsoek | voor.  Verskaf ekstra woordeskatlyste om leerder te ondersteun en te lei. Korter tekste en tekste met meer ilustrasies sal ook help.<br><br>Maak meer gebruik van oudio visuele materiaal<br><br>Kry hulp van spesiale skole bv.  braille<br><br>Take moet ook vereenvoudig word – verminder die inligting op jou werksvelle  (soos bv beskrywings en sketse)<br><br>**Skryfprobleme**<br><br>Hou jou sinne kort<br><br>Vra die leerder eerder om op te som as om lang stukke te skryf<br><br>**Disleksie:** Die aktiwiteite kan meer prakties van aard wees en die instruksies kan verbaal gegee word. Hierdie leerlinge moet ook nie gepenaliseer word vir spelling nie.  Assessering moet sover as moontlik |

| | | | |
|---|---|---|---|
| met 'n inleidende en slotparagraaf;<br>• evalueer eie houding krities;<br>• begin verstaan hoe eie skryfwerk die leser posisioneer.<br><br>**Lu 5 Dink en Redeneer As 2**<br><br>As 2 Gebruik taal om te dink:<br>• stel en beantwoord meer komplekse vrae;<br>• brei veralgemenings, definisies en klassifikasies uit na paragrawe;<br>• dink aan voorbeelde om algemene stellings te staaf;<br>• skryf lang beskrywings met voorbeelde;<br>• verstaan en gebruik bewyse wat 'n teorie of argument staaf (soos wetenskaplike bewyse);<br>• maak gevolgtrekkings.<br><br>**Lu 6 Taalstruktuur en Taalgebruik As 2,4,5**<br><br>As 2 Gebruik verskillende taalvorme en sinstrukture om mondelings en skriftelik te kommunikeer:<br>• alledaagse meervouds-, geslags- en verkleiningsvorme;<br>• alledaagse voorsetsels in vaste en vrye verbindings; | is. Die woorde staan horisontaal, vertikaal of diagonaal binne die raam. Leerders moet elke woord omkring wat hy/sy vind. Die woorde moet almal te doen hê met beroepe en karaktereienskappe. 'n Lys van woorde wat gesoek moet word, moet of onderaan of aan die regterkant van die bladsy verskyn.<br><br>*(Die leerders het pret terwyl hulle leer en die vermoë om woorde op te spoor en te identifiseer word ontwikkel. Woordeskat word uitgebrei en spelvermoë word verbeter)*<br><br>Aktiwiteit 13<br><br>'n Goeie taalhandboek behoort al Leeruitkomste 6 se Assesseringstandaarde goed te verduidelik.<br><br>Soek byvoorbeeld na woorde wat met deeltekens geskryf word en teken dit aan in jou oefeningboek. Elke leerder behoort self 'n persoonlike spellys in sy oefeningboek by te hou met verwarrende woorde waarmee hy of sy sukkel.<br><br>Aktiwiteit 14<br><br>**Skommelsinne.** Leerders moet die woorde in die regte volgorde neerskryf sodat hy/sy 'n sin het. Elke sin moet met 'n hoofletter begin en met 'n punt eindig.<br><br>Aktiwiteit 15<br><br>Leerders moet 'n kring trek om die regte woord in elke sin. Die woorde wat jy nie gekies het nie, moet jy nou gebruik in 'n sin sodat die betekenis duidelik na vore kom.<br><br>Aktiwiteit 16<br><br>Skryf sinne van jou drama in die toekomende tyd in jou werkboek. | Speletjie<br><br>Hele klas<br><br>Taaloefening<br><br>Eie skryfboek<br><br>Speletjie<br><br>Self<br><br>Self | mondelings geskied.<br><br>In die klaskamer<br><br>Sorg dat daar leesmateriaal (fiksie sowel as nie-fiksie ) in die klaskamer is.<br><br>Tydskrifte en koerante en interessante artikels moet moet beskikbaar wees.<br><br>Klaskameratmosfeer<br><br>Die leerders se verskillende kulture asook hul onderskeie agtergronde moet erken word<br><br>**Hiperaktiewe kind:** Sorg dat die aktiwiteite korter is. Daar moet ook 'n verskeidenheid van take wees. Die geskrewe take kan ook opgedeel word in korter stukkies. |

| | | | |
|---|---|---|---|
| • algemeen gebruikte adjektiewe (verbuiging, trappe van vergelyking, intensiewe vorme);<br><br>• voornaamwoorde: persoonlik, besitlik, betreklik, vraend en onbepaald;<br><br>• determineerders (soos: 'n, die) en telwoorde (soos: vyftien, laaste);<br><br>• soorte sinne (stelsin, vraagsin, bevelsin, uitroep);<br><br>• enkelvoudige sinne met 'n onderwerp, gesegde, voorwerp en bepalings;<br><br>• die gebruik van teenwoordige-, verlede- en toekomendetydsvorm;<br><br>• alledaagse bywoorde in die korrekte volgorde (tyd, wyse, plek);<br><br>• die ontkennende vorm (soos: Moenie dit doen nie; Ons was nog nie daar nie);<br><br>• die verbinding van sinne met voegwoorde en betreklike voornaamwoorde met die korrekte woordorde;<br><br>• die korrekte gebruik van "wanneer", "toe", "dan" in die verskillende tye;<br><br>• die gebruik van voorwaardelike sinstrukture (soos: As ek nie die motor gesluit het nie, sou hulle dit gesteel het);<br><br>• die gebruik van hulpwerkwoorde in beleefde versoeke (soos: Mag ek jou uitveër leen?);<br><br>• eenvoudige voorbeelde van die aktiewe | <u>Aktiwiteit 17</u><br><br>Oulikste is die oortreffende trap van oulik. Wat is die vergrotende trap van *laag* en *taai* wat in par 3 van enige leesstuk voorkom?<br><br>Leerders moet soortgelyke oefeninge in hul werkboeke doen.<br><br><u>Aktiwiteit 18</u><br><br>Verduidelik die gebruik van koppelteken (help ons om woorde makliker te lees). Ons gebruik dit veral by samestellings. Die koppelteken doen eintlik net wat sy naam sê: dit koppel 2 woorde. Woorde wat met 'n koppelteken geskryf word, is dus een woord. Bv. Internet-gebruikers<br><br><u>Aktiwiteit 19</u><br><br>Hoe goed ken jou leerders die indirekte rede?<br><br>Die indirekte rede word gebruik wanneer 'n persoon se direkte woorde oorvertel word. Sommige bywoorde en voornaamwoorde verander.<br><br>Oefen dit met sinne uit jou drama terwyl julle dit behandel in die klas.<br><br><u>Aktiwiteit 20</u><br><br>Sukkel jou leerders nog steeds met die ontkennede vorm?<br><br>Doen drilwerk! Dubbele ontkenning en of en of wat nog en nog word, blyk maar 'n probleem te wees.<br><br><u>Aktiwiteit 21</u><br><br>Ken jou leerders Afrikaanse rekenaarterminologie?<br><br>Laat leerders in pare die Afrikaans opsoek vir die volgende: *computer, pop-up menu, laptop, home page, e-mail,* | Self<br><br>Werkboek<br><br>Self<br><br>Werkboek<br><br>Hele klas<br><br>Drilwerk<br><br>Woordeboek oefeninge | |

| | | | |
|---|---|---|---|
| (bedrywende) en passiewe (lydende) vorm;<br><br>• die direkte en indirekte rede op 'n eenvoudige vlak;<br><br>• leestekens (punt, komma, dubbelpunt, vraagteken, uitroepteken, aanhalingstekens, hakies).<br><br>As 4 Brei woordeskat uit:<br><br>• verstaan en gebruik woorde wat verwarrend kan wees (soos: verveeld, vervelig; aand, nag; spieël, speel; help, hulp);<br><br>• toon taalgevoeligheid vir woorde (soos: *jy/julle* teenoor *u; mond* teenoor *bek; maag* teenoor *pens*);<br><br>• gebruik enkele vergelykings (soos: so dood soos 'n mossie; so arm soos 'n kerkmuis; so koel soos 'n komkommer);<br><br>• gebruik een woord vir 'n omskrywing (soos: 'n plek waarheen siek mense gaan - 'n hospitaal; messe, vurke, lepels - eetgerei; wortels, boontjies, patats, mielies - groente);<br><br>• gebruik voor- en agtervoegsels om nuwe woorde te vorm (soos: bedags, weekliks, onskuldig);<br><br>• brei gebruik van samestellings uit (soos: lewe + verhaal = lewensverhaal);<br><br>• ondersoek temagerigte woorde (soos woorde wat met die liefde verband hou) en woordfamilies (soos: outobank, outomaties, | *download, delete, cut and paste, website*<br><br>'n Goeie woordeboek sal vir jou die volgende gee: *rekenaar, opwipkieslys, skootrekenaar of opvourekenaar, tuisblad, e-pos, aflaai, skrap, knip en plak, webruimte of webtuiste of webwerf*<br><br>Vir vaslegging kan leerders dit uitdruk met 'n gepaste rekenaarskets/grafika wat dit mooi uitbeeld en plak dit op teen jou klaskamermuur.<br><br><u>Aktiwiteit 22</u><br><br>Onderwyser verduidelik **deelwoorde** aan sy leerders.<br><br>Leerders moet weet dat 'n teenwoordige deelwoord gevorm word deur 'n *–ende* aan die werkwoord te voeg bv *blaffende* honde. Of 'n –de aan die werkwoord te voeg: bv *siende* blind.<br><br>Onthou dat ons onderskei 2 tipes verlede deelwoorde.<br><br>Sterk verlede deelwoorde word gewoonlik gevorm deur klinkerwisseling. Bv oorwin word *oorwonne*<br><br>Swak verlede deelwoorde word gevorm deur 'n –e, -te, -de aan die werkwoord te voeg. Bv. Verpligte, gesteelde , afgebrande<br><br>Daar is gewoonlik 'n verskil in betekenis tussen die swak vorm (letterlik) en sterk vorm (figuurlik)<br><br><u>Aktiwiteit 23</u><br><br>Doen weer hersiening. Ken jou leerders nog die verskillende soorte sinne (stelsin, vraagsin, bevelsin, uitroep)?<br><br><u>Aktiwiteit 24</u><br><br>Toets woordorde. Gee gereeld vir jou leerders voorbeelde van hul eie werk. Laat hul self die foute identifiseer met behulp van | Onderwyser<br><br>hersiening | |

| | | | |
|---|---|---|---|
| outobiografie);<br><br>• Gebruik 'n tweetalige en verklarende woordeboek en 'n tesourus.<br><br>As 5 Demonstreer begrip van 6 000 tot 8 000 alledaagse gesproke woorde binne konteks teen die einde van graad 9. Indien leerders die addisionele taal vir leer in ander leerareas gebruik, behoort hulle na meer as 8 000 woorde te mik. | jou leiding. Laat hulle self eers die reël aflei en dan implementeer. | | |
| Hulpmiddels:Leesboek, Prente, Liedjies, Woordeboek, Skryfbord, Kasette, Atlas, Rekenaar, Woordkaarte,TV , videobande<br><br>Nabetragting: | | | |